Een van die meer opmerkbare eienskappe van die Suid-Afrikaanse ekonomie gedurende die tydperk na die Tweede Wêreldoorlog, maar veral sedert die vroeë sestigerjare, was die groei in die bruto vaste investering van openbare owerhede en openbare korporasies. Tussen 1946 en 1973 het die vaste investering van hierdie instellings,² waarna gesamentlik as die openbare sektor verwys word, teen 'n gemiddelde koers van 12,2 persent per jaar gestyg. Dit was nie alleen heelwat hoër as die groeikoers in die kapitaaluitgawe van die private sektor waardeur dit die gemiddelde jaarlikse koers van toename in totale vaste investering oorskry het nie, maar ook hoër as die gemiddelde jaarlikse groeikoers in die bruto binnelandse produk. Hierdie sektor was in 1973 gevolglik vir byna 50 persent van die totale binnelandse vaste investering verantwoordelik teenoor minder as 40 persent in 1946.

Soos dit in die nasionale rekeninge gebruik word, verteenwoordig bruto investering daardie uitgawe op nuwe duursame en produktiewe bates wat 'n lewensduur het wat langer is as die jaar waarin die uitgawe aangegaan is en waarvan daar derhalwe verwag kan word om tot toekomstige produksieprosesse by te dra. Besteding aan die aankoop van grond en ander bestaande bates word nie in die gegewens wat in hierdie artikel bespreek word, ingesluit nie, deels weens die gebrek aan omvattende sektorale inligting en deels omdat die artikel hoofsaaklik gemik is op die bydrae wat die openbare sektor tot totale bruto investering en tot die land se voorraad vaste kapitaal bates maak.

Metodes wat gebruik word in die berekening van die investering van algemene afdelings van openbare owerhede verskil in sommige opsigte van dié wat gebruik word in die bepaling van die kapitaaluitgawe van ander sektore. Alle verdedigingsuitgawe, behalwe waar dit verband hou met die konstruksie van permanente gesinswonings, word byvoorbeeld as verbruiksbesteding beskou. So ook word uitgawe op masjinerie en toerusting nie as vaste investering beskou nie tensy dit verband hou met die aankoop van swaar (soos padbou-) toerusting.

Hierdie artikel is hoofsaaklik daarop gemik om inligting, waarvan sommige nog nie voorheen gepubliseer is nie, te verstrek oor die bruto investering en kapitaalvoorraad van die verskillende vlakke van openbare owerhede en openbare korporasies en om beskikbare inligting oor die kapitaaluitgawe van die open-

bare sektor as geheel te ontleed. Wat openbare owerhede betref, het die artikel ook ten doel om een wat vroeër oor die lopende inkomme en uitgawe van openbare owerhede gepubliseer is,³ aan te vul. Aangesien die omskrywing en samestelling van openbare owerhede reeds in die vroeë artikel bespreek is, sal die volgende afdeling van die huidige artikel kortliks die begrip „openbare korporasie” omskryf en kortliks die vernaamste redes vir die vestiging van sulke korporasies en hul vernaamste kenmerke bespreek. Dit sal gevolg word deur 'n ontleding en 'n bespreking van verskillende aspekte van die investering van die openbare sektor.

Openbare korporasies

Dit word algemeen aanvaar dat die bevordering van ekonomiese ontwikkeling en groei sekere vorms van owerheidsinmenging in die private sektor mag vereis. Sodanige inmenging kan verskillende vorms aanneem, soos die vestiging van sake-ondernemings wat hoofsaaklik deur openbare owerhede gefinansier en deur regerende liggame beheer word, en van openbare korporasies. Drie belangrike motiewe kan aangevoer word vir die vestiging van openbare korporasies, naamlik 'n tekort aan private beleggingskapitaal gepaard met 'n gebrek aan private belangstelling en inisiatief vir grootskaalse ondernemings met 'n lae opbrengs en groot kapitaaldeelname, besorgdheid van owerheidsweë dat private ontginning van skaars natuurlike hulpbronne sodanige hulpbronne kan uitput, en vir militêre of strategiese redes.

Openbare korporasies word geheel of hoofsaaklik deur openbare owerhede besit maar is nie, in teenstelling met sake-ondernemings van openbare owerhede soos die Suid-Afrikaanse Spoorwegadministrasie en die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese, aan dieselfde mate van finansiële beheer deur regerende liggame, soos die Parlement, onderhewig nie. Hierdie korporasies word formeel gevestig en beheer kragtens maatskappy- of ander algemene wetgewing, spesiale wetgewing of administratiewe regulasies. Die aandeel of ander vorms van kapitaaldeelname in openbare korporasies word uitsluitlik of hoofsaaklik deur openbare owerhede besit. As gevolg van die vaagheid van die begrip beheer moet die skeiding tussen private en openbare korporasies soms arbitrêr gemaak word.

Vir doeleindes van hierdie artikel is die volgende die belangrikste organisasies, en hul volfiliale, wat as openbare korporasies ingedeel word:

1. Bruto investering verteenwoordig die totaal van bruto vaste investering en verandering in voorraad.

2. Gegewens oor die investering en kapitaalvoorraad van die openbare sektor is vervat in Tabela I tot VIII op bladsye 29 tot 46.

3. Steenkamp, G. en J. van Dyk, Die lopende inkomme en uitgawe van openbare owerhede, 1946-1973, S.A. Reserwebank Kwartaalblad, No. 112, Junie 1974, pp. 65-73.


Alusaf (Edms) Bpk.
 Bantoe-Beleggingskorporasie van Suid-Afrika Bpk. (BBK)
 Elektrisiteitsvoorsieningskommissie (Evkom)
 Fosfaat-ontginningskorporasie (Edms) Bpk. (Foskor)
 Kleurling-ontwikkelingskorporasie Bpk. (KOK)
 Krygstuigontwikkelings- en Vervaardigingskorporasie van Suid-Afrika Bpk. (Krygkor)
 Landboubeheerrade
 Land- en Landboubank van Suid-Afrika
 Nasionale Finansiële korporasie van Suid-Afrika (NFK)
 Nasionale Petroleum Raffineerders van Suid-Afrika (Edms) Bpk. (Natref)
 Nywerheid-ontwikkelingskorporasie van Suid-Afrika Bpk. (NOK)
 Randwaterraad
 Suid-Afrikaanse Gasdistribusiekorporasie Bpk. (Gaskor)
 Suid-Afrikaanse Steenkool-, Olie- en Gaskorporasie Bpk. (Sasol)
 Suid-Afrikaanse Reserwebank
 Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK)
 Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Bpk. (Yskor)
 Suid-Atlantiese Kabelmaatskappy (Edms) Bpk.
 Suidelike Olie-eksplorasiëkorporasie (Edms) Bpk. (Soekor)
 Uraanverrykingskorporasie van Suid-Afrika Bpk. (Ukor)
 Visserye-ontwikkelingskorporasie van Suid-Afrika Bpk. (Viskor)
 Xhosa-ontwikkelingskorporasie Bpk. (XOK)

Na-oorlogse tendense in investering

Die investeringsbedrywighede van die openbare sektor sedert 1946, in verhouding tot die totaal vir die volkshuishouding en die private sektor, word in die bygaande grafiek uitgebeeld. Algemeen gesproke kan drie fases in die neiging van openbare sektor investering gedurende die tydperk onder bespreking onderskei word, naamlik die onmiddellik na-oorlogse tydperk (1946 tot 1949) die vyftiger- en vroeë sestigerjare en die tydperk na 1962.

Die oplewing in vaste investering deur die openbare sektor gedurende die onmiddellik na-oorlogse tydperk, wat gepaard gegaan het met 'n soortgelyke ontwikkeling in die vaste kapitaalbesteding van die private sektor, kan vereenselwig word met die toegenome vraag na basiese dienste na die oorlog op 'n tydskop toe Suid-Afrika te staan gekom het voor 'n ernstige ontoereikende voorraad kapitaalgoedere. Die agterstand in die noodsaaklike infrastruktuur veroorsaak deur die oorlog moes uit die weg geruim word om ekonomiese groei in stand te hou en het groot kapitaalbesteding deur veral die openbare owerhede maar ook deur openbare korporasies vereis. Laasgenoemde se relatiewe belangrikheid in totale investering het inderdaad 'n sterk toenemende tendens ingelui.

Bruto binnelandse investering (teen heersende pryse)



Die tussentydse tydperk van 1950 tot 1962 was aanvanklik gekenmerk deur werklike dalings in die kapitaaluitgawe van die openbare sektor op 'n tydskop toe die land inflasionistiese druk ondervind het wat 'n afname in openbare uitgawe, sonder om groei oormatig aan bande te lê, genoodsaak het. Hierdie tydelike afplatting is gevolg deur 'n tydperk waartydens 'n meer gebalanseerde groei in die volkshuishouding voorgestaan is en waartydens die investering van die openbare sektor gerig was op die verbetering van die ekonomiese infrastruktuur wat in die vroeë vyftigerjare geneig het om agterweë te bly.

Die derde fase van ontwikkeling waarna hierbo verwys is, d.w.s. vanaf 1963, het saamgeval met 'n verlengde algehele ekonomiese uitbreiding. Teen 1963 was die meeste onsekerhede met betrekking tot Suid-Afrika se internasionale status, na die beëindiging van sy Statebond-lidmaatskap, asook die gebrek aan vertroue in die ekonomie wat deur politieke steurings teweeg gebring is, uit die weg geruim. Die uitbreidingsfase wat gevolg het, is slegs vir betreklike kort tydperke deur 'n verlangsamings in die groeikoers van algehele ekonomiese bedrywighede onderbreek.

Die meegaande grafiek toon duidelik dat met geringe uitsondering, die neigings in openbare sektor

Tabel 1
Bruto vaste investering van openbare sektor:
groeiakoerse en relatiewe belangrikheid

	1946-1949	1949-1962	1962-1973	1946-1973
	%	%	%	%
Gemiddelde jaarlikse groeiakoerse:				
Teen heersende pryse	26,8	6,5	15,5	12,2
Teen konstante 1963-pryse	18,3	3,2	8,0	6,8
As persentasie van:				
Bruto binnelandse produk	7,6	8,3	11,1	10,1
Bruto binnelandse vaste investering	37,1	39,3	45,0	43,2

investering 'n noue korrelasie met tendense in die kapitaaluitgawe van die private sektor getoon het. Die vernaamste rede vir hierdie pro-sikliese aard van openbare sektor investering spruit voort uit die feit dat die kapitaalbesteding van die openbare sektor hoofsaaklik daarop gerig is om daardie dienste te voorsien waarvoor die vraag die sikliese patroon nou volg.

Alhoewel drie fases in die algehele tendens van die investering van die openbare sektor sedert 1946 onderskei is, sal hierdie tydperk, ten einde die ontleding van die gegewens te vergemaklik, in vyf-jaar-tydperke in die tabelle wat in die artikel opgeneem is, onderverdeel word. Dit sal die veranderings in die relatiewe belangrikheid van besondere bedrywighede meer duidelik na vore bring.

Die vaste investering van die openbare sektor in verhouding tot totale vaste investering in die volkshuishouding het opmerklik gedurende die laaste helfte van die vyftigerjare toegeneem en weer gedurende die tydperk 1971 tot 1973. Die openbare sektor se aandeel in totale vaste investering het gevolglik van 37 persent gedurende die laaste helfte van die veertigerjare tot 42 persent gedurende die tydperk 1956

tot 1960 toegeneem maar nie noemenswaardig gedurende die volgende dekade verander nie. Die toename in relatiewe belangrikheid tot 47 persent gedurende die tydperk 1971 tot 1973 was feitlik geheel en al toe te skryf aan die toegenome belangrikheid in die volkshuishouding van die bedrywighede van openbare korporasies. In hierdie verband verdien die steeds toenemende belangrikheid van openbare korporasies in die voorsiening en bewaring van strategiese belangrike goedere en in die bevordering van die regering se desentralisasiebeleid spesiale vermelding.

Die drie fases in die investering van die openbare sektor wat hierbo bespreek is, was veral opvallend in die geval van algemene afdelings van openbare owerhede. In teenstelling met die meer gelykmatige verloop in die investering van hierdie departemente, veral vir die uitbreiding van die land se ekonomiese en sosiale infrastruktuur, het die kapitaaluitgawe van openbare sake-ondernemings en openbare korporasies opmerklike skommelings binne die algemene tendens getoon. Gedeeltelik is dit toe te skryf aan die algemene kapitaalintensiewe aard van hul bedrywighede en gedeeltelik aan die vestiging van nuwe korporasies vir ekonomiese, sosiale en strategiese doeleindes.

Die belangrike rol wat die Suid-Afrikaanse Spoorwegadministrasie in die totale investering van openbare owerhede speel, regverdig verdere aandag. Skommelings in die kapitaaluitgawes van openbare owerhede was inderdaad opmerklik beïnvloed deur dié van die Suid-Afrikaanse Spoorwegadministrasie aangesien investering deur ander openbare owerhede meer gelykmatige veranderings binne die drie fases van die na-oorlogse tydperk getoon het.

Bruto vaste investering volgens doelstelling

Een van die belangrikste doelstellings van vaste investering deur die openbare sektor is die genoegsame voorsiening van basiese dienste wat noodsaaklik is vir die bereiking van die doelstellings van ekonomiese stabiliteit en groei. In Tabel III word totale vaste in-


Tabel 2
Bruto vaste investering van openbare sektor: persentasieverdeling volgens tipe organisasie

Tydperk	Openbare owerhede	Openbare korporasies	Openbare sektor	Private sake-ondernemings	Totaal
1946-1950	30,3	6,2	36,5	63,5	100,0
1951-1955	27,0	7,9	34,9	65,1	100,0
1956-1960	35,4	6,7	42,1	57,9	100,0
1961-1965	34,4	7,8	42,2	57,8	100,0
1966-1970	33,7	10,4	44,1	55,9	100,0
1971-1973	35,5	11,5	47,0	53,0	100,0
1946-1973	33,7	9,5	43,2	56,8	100,0

Tabel 3
Bruto vaste investering van openbare sektor: persentasieverdeling

Tydperk	Openbare owerhede								Totaal
	Sentrale regering			Totaal	Provinsiale administrasies	Plaaslike owerhede	Totaal	Openbare korporasies	
	Sake-ondernemings		Algemene afdelings						
	S.A. Spoorweë	Ander							
1946-1950	31,2	10,9	5,3	47,4	12,4	23,2	83,0	17,0	100,0
1951-1955	26,5	8,3	5,2	40,0	13,6	23,7	77,3	22,7	100,0
1956-1960	32,3	7,0	5,3	44,6	14,8	24,7	84,1	15,9	100,0
1961-1965	23,9	8,3	9,8	42,0	17,9	21,7	81,6	18,4	100,0
1966-1970	18,0	7,5	13,2	38,7	17,5	20,2	76,4	23,6	100,0
1971-1973	21,3	9,1	11,7	42,1	14,8	18,5	75,4	24,6	100,0
1946-1973	22,8	8,2	10,4	41,4	15,9	20,8	78,1	21,9	100,0

Bruto vaste investering deur openbare sektor (teen heersende pryse)



ondernem aan vervoer en kommunikasie, met inbegrip van belangrike uitgawe aan paaie en brûe, en die voorsiening van elektrisiteit, gas en water. Sosiale infrastruktuur het betrekking op uitgawe hoofsaaklik in verband met onderwys, hospitale en behuising terwyl die kategorie ekonomiese dienste genoem in Tabel III kapitaaluitgawe insluit aan bosbou, slagplase, produktemarkte deur openbare owerhede en die kapitaalbesteding deur openbare korporasies wat as vervaardigingsondernemings ingedeel word. Kapitaaluitgawe aan administratiewe dienste het betrekking op besteding veral aan nie-woongeboue vir algemene administratiewe doeleindes.

Ekonomiese infrastruktuur

Die grootste gedeelte van totale investering deur die openbare sektor was vir die uitbreiding van die land se ekonomiese infrastruktuur. Ontwikkelings in hierdie tipe besteding het gevolglik die algehele tendens van openbare investering bepaal. Die voorsiening van ekonomiese infrastruktuur dienste ressorteer hoofsaaklik binne die optredesfeer van openbare owerhede. Dit is derhalwe nie verbasend nie dat gedurende die tydperk 1946 tot 1973 as geheel nagenoeg 75 persent van totale investering deur openbare owerhede vir hierdie doeleindes aangewend is. Die grootste bydrae is deur die sentrale regering gemaak wat vir ongeveer 50 persent van die totale investering aan ekonomiese infrastruktuur verantwoordelik was, hoofsaaklik deur die Suid-Afrikaanse Spoorwegadministrasie en tot 'n mindere mate deur die voorsiening van pos- en telekommunikasiedienste en deur besteding aan staatswaterskemas. Die bydrae wat deur openbare korporasies tot die uitbreiding van die land se ekonomiese infrastruktuur gemaak is, het hoofsaaklik bestaan uit die investeringsbedrywigheid van Evkom en die Randwaterraad. Hul investering het na die oorlog en weer teen ongeveer die middel van die ses-tigerjare sterk gestyg.

vestering verdeel volgens uitgawe aan ekonomiese infrastruktuur, sosiale infrastruktuur, ekonomiese dienste en administratiewe dienste. Ekonomiese infrastruktuur omvat investering wat die openbare sektor

Tabel 4
Bruto vaste investering van openbare sektor: persentasieverdeling volgens doelstelling

Tydperk	Ekonomiese infrastruktuur		Sosiale infrastruktuur ¹	Ekonomiese dienste		Administratiewe dienste ¹	Totaal
	Openbare owerhede	Openbare korporasies		Openbare owerhede	Openbare korporasies		
1946-1950	66,9	9,3	11,2	1,1	7,6	3,9	100,0
1951-1955	62,1	14,9	10,5	1,3	7,9	3,3	100,0
1956-1960	66,9	10,0	11,2	1,4	6,0	4,5	100,0
1961-1965	59,6	9,8	14,1	2,4	8,6	5,5	100,0
1966-1970	54,5	15,4	14,8	1,3	8,2	5,8	100,0
1970-1973	56,8	10,7	12,8	1,0	13,8	4,9	100,0
1946-1973	58,5	12,1	13,2	1,4	9,8	5,0	100,0

1. Hierdie dienste word slegs deur openbare owerhede voorsien.

Sosiale infrastruktuur

Sosiale infrastruktuur dienste word natuurlik slegs deur openbare owerhede voorsien en word hoofsaaklik deur provinsiale administrasies deur middel van gesondheids- en onderwysdienste en deur plaaslike owerhede in die vorm van behuising en gesondheidsdienste verskaf. Die bydrae wat die sentrale regering maak, was hoofsaaklik in die vorm van die voorsiening van behuising. Investering aan sosiale infrastruktuur het oor die algemeen 'n deurlopend opwaartse tendens getoon maar die groeikoers het sedert die middel van die vyftigerjare oor die algemeen geneig om hoër te wees as die gemiddelde jaarlikse toename in totale openbare sektor investering.

Ekonomiese dienste

'n Belangrike gedeelte van die bedrywighe van openbare korporasies bestaan uit die voorsiening van ekonomiese dienste. Openbare korporasies is ook die grootste verskaffers van sulke dienste binne die openbare sektor en gemiddeld het hulle ongeveer 90 persent van die investering wat deur die openbare sektor in die voorsiening van hierdie dienste onderneem is, gelewer. Hoofsaaklik as gevolg van die vestiging van openbare korporasies en hul algemeen kapitaalintensiewe aard, het die kapitaaluitgawe deur die openbare sektor aan ekonomiese dienste groot skommelings gedurende die tydperk onder bespreking getoon. Nietemin is 'n sterk algemene opwaartse tendens duidelik waarneembaar.

Administratiewe dienste

Kapitaaluitgawe aan administratiewe dienste behels besteding, veral aan geboue, benodig vir algemene owerheidsadministrasie. Die relatiewe belangrikheid van hierdie tipe uitgawe het nie noemenswaardig sedert 1946 verander nie en het gemiddeld slegs ongeveer 5 persent van totale openbare sektor investering verteenwoordig.

Vaste investering volgens tipe ekonomiese bedrywigheid

Die relatiewe belangrikheid van vaste kapitaaluitgawe deur die openbare sektor in verhouding tot totale vaste investering volgens ekonomiese bedrywigheid word in Tabel 5 getoon terwyl die mate waartoe die openbare sektor tot totale investering in die verskillende sektore van die volkshuishouding bydra, in Tabel 6 gegee word. Uit hierdie tabelle is dit duidelik dat die openbare sektor hoofsaaklik in drie sektore opgetree het, naamlik, elektrisiteit, gas en water, vervoer, opberging en kommunikasie en gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste, alhoewel 'n baie belangrike bydrae ook tot die sektor fabriekswese gemaak is, veral teen die einde van die tydperk onder beskouing. Aangesien die vaste kapitaaluitgawe van die openbare sektor in die sektore landbou, mynbou, konstruksie en groot- en kleinhandel, verversing en akkommodasie slegs 'n klein gedeelte van totale kapitaaluitgawe in hierdie sektore uitmaak en omdat in totaal minder as 2 persent van die totale openbare vaste investering in hierdie sektore bestee word, sal die investering in hierdie sektore nie verder ontleed word nie.

Fabriekswese

Weens sy ekonomiese beleid om die oprigting van vervaardigingsondernemings aan te moedig waar, onder andere, private inisiatief ontbreek of vir strategiese doeleindes, het openbare vaste kapitaalbesteding in die fabriekswesesektor gedurende die na-oorlogse tydperk die hoogste gemiddelde jaarlikse groeikoers getoon van al die nege sektore wat onderskei word. Gedurende die onmiddellik na-oorlogse tydperk en die vroeë vyftigerjare het die oprigting van Sasol en Yskor se Vanderbijlparkwerke 'n aansienlike toename in die kapitaalbesteding van die openbare sektor in die fabriekswese tot gevolg gehad ten einde die volkshuishouding met belangrike en strategiese

Tabel 5

Bruto vaste investering van openbare sektor: persentasie-aandeel in totale vaste investering volgens tipe ekonomiese bedrywigheid

Tydperk	Landbou, bosbou en visserij	Mynbou en steengroewery	Fabriekswese	Elektrisiteit, gas en water	Konstruksie (kontrakteurs)	Groot- en kleinhandel, verversing en akkommodasie	Vervoer, opberging en kommunikasie	Finansies, versekering, vaste eiendom en besigheidsdienste	Gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste	Totaal
1946-1950	1,5	1,3	15,5	100,0	—	—	94,4	16,5	92,1	36,5
1951-1955	1,7	1,8	17,2	100,0	—	1,9	95,0	9,9	88,6	34,9
1956-1960	1,8	3,7	14,7	100,0	—	2,3	93,2	12,6	90,5	42,1
1961-1965	2,4	5,7	15,8	100,0	—	3,8	89,9	16,1	94,5	42,2
1966-1970	2,2	6,2	16,8	100,0	0,5	2,5	88,3	14,3	93,3	44,1
1971-1973	2,1	7,4	28,5	100,0	2,2	4,0	88,2	11,8	90,4	47,0
1946-1973	2,0	4,8	20,1	100,0	1,0	2,4	90,1	13,3	92,0	43,2

grondstowwe soos olie en staal te voorsien. Gedurende die daaropvolgende jare het hierdie tipe investering in 'n toenemende mate belangrik geword. Die stygende aandeel van totale openbare vaste kapitaalbesteding vir vervaardigingsdoeleindes gedurende die laaste helfte van die sestigerjare en die vroeë sewentigerjare kan toegeskryf word aan aansienlike besteding aan nuwe nywerheidsprojekte soos Natref, Krygkor, Alusaf en Yskor se Newcastle-projek en uitbreidingsprogramme aan Yskor se Pretoria- en Vanderbijlparkwerke.

Elektrisiteit, gas en water

Met die uitsondering van die tydperk 1951 tot 1955 is gemiddeld ongeveer een-vyfde van die openbare sektor se vaste investering in hierdie sektor bestee. Nadat dit gedurende die vroeë vyftigerjare aansienlik gestyg het, het die gemiddelde gedeelte van openbare vaste investering wat in hierdie sektor bestee is daarna redelik

stabiel op ongeveer 18 persent gebly en was in 'n groot mate die gevolg van die behoefte om die groei in die toevoer van elektrisiteit en water tred te laat hou met die toenemende vraag na hierdie dienste deur 'n ontwikkelende volkshuishouding.

Vervoer, opberging en kommunikasie

Tradisioneel is die openbare sektor feitlik die alleenvoorsiener van vervoer- en kommunikasiedienste aan die volkshuishouding. Vir die tydperk 1946 tot 1973 in sy geheel, was die openbare sektor vir 90 persent van die totale vaste investering in hierdie sektor verantwoordelik. Hoewel hierdie aandeel so hoog as 95 persent gedurende die vroeë vyftigerjare was, het dit egter gedurende die laaste helfte van die sestigerjare en die vroeë sewentigerjare tot 'n gemiddelde van ietwat meer as 88 persent gedaal. In hierdie verband het die voorsiening van vervoerfasiliteite deur die private sektor meer belangrik geword.

Tabel 6

Bruto vaste investering van die openbare sektor: persentasieverdeling volgens tipe ekonomiese bedrywigheid

Tydperk	Fabriekswese	Elektrisiteit, gas en water	Vervoer, opberging en kommunikasie	Finansies, versekering, vaste eiendom en besigheidsdienste	Gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste	Ander sektore	Totaal
1946-1950	6,5	18,8	39,6	9,7	24,4	1,0	100,0
1951-1955	6,5	25,6	33,8	5,3	27,0	1,8	100,0
1956-1960	5,0	19,4	38,9	5,0	29,8	1,9	100,0
1961-1965	7,4	16,4	29,8	6,1	37,9	2,4	100,0
1966-1970	7,0	19,7	25,4	6,8	39,5	1,6	100,0
1971-1973	11,8	15,7	29,5	5,2	36,2	1,6	100,0
1946-1973	8,3	18,3	30,2	6,0	35,5	1,7	100,0

Ongeveer een-derde van openbare vaste investering was vir die voorsiening van vervoer-, opbergings- en kommunikasiedienste. Die vaste investering aan hierdie dienste en in die besonder dié van die Suid-Afrikaanse Spoorwegadministrasie, het egter redelike groot jaarlikse skommelings getoon. Gedurende die tydperk 1946 tot 1973 in sy geheel, het die openbare vaste investering in hierdie sektor teen die tweede laagste koers van al die ekonomiese sektore toegeneem. Gevolglik het die relatiewe belangrikheid van die sektor vervoer, opberging en kommunikasie in die totale openbare vaste kapitaalbesteding vanaf ongeveer 39 persent gedurende die tydperk 1946 tot 1950 tot slegs 25 persent gedurende die tydperk 1966 tot 1970 gedaal. Hoofsaaklik as gevolg van die aankope van nuwe vliegtuie gedurende 1971 en 1972, en algemene uitbreidingsprogramme van die Suid-Afrikaanse Spoorwegadministrasie gedurende 1973 en van die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese gedurende beide 1972 en 1973, tesame met die kapitaalbesteding van Yskor op die Sishen-Saldanha spoorwegprojek, het hierdie aandeel weer tot ongeveer 30 persent gedurende die vroeë sewentigerjare gestyg.

Finansies, versekering, vaste eiendom en besigheidsdienste

Die belangrikste komponent van openbare vaste investering aan finansies, versekering, vaste eiendom en besigheidsdienste bestaan uit kapitaalbesteding aan behuising deur die behuisingsafdelings van plaaslike owerhede en die Nasionale Behuisingsfonds van die sentrale regering. Ofskoon gemiddeld slegs ongeveer 6 persent van die totale vaste kapitaaluitgawe van die openbare sektor gedurende 1946 tot 1973 aan hierdie dienste bestee is, het die openbare sektor ongeveer 13 persent van die totale vaste kapitaaluitgawe in hierdie sektor bygedra. Vir die tydperk 1946 tot 1973 in sy geheel, het openbare vaste investering aan hierdie dienste die laagste groeikoers aangeteken van al die sektore wat onderskei is. Die belangrikste

rede vir hierdie lae koers van toename was dat 'n relatief groot deel van totale openbare vaste kapitaalbesteding gedurende die onmiddellik na-oorlogse tydperk aan behuising gemaak is, terwyl besteding aan behuising gedurende die oorblywende gedeelte van die tydperk onder beskouing tred gehou het met die totale openbare vaste investering.

Gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste

Meer as een-derde van totale openbare vaste investering is aan die voorsiening van gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste bestee en hierdie investering het teen die tweede hoogste koers toegeneem van al die vernaamste sektore wat onderskei is. Die gevolg hiervan was dat vaste kapitaalbesteding aan gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste as 'n persentasie van totale openbare vaste kapitaalbesteding sterk toegeneem het. Ofskoon hierdie aandeel gedurende die vroeë sewentigerjare gedaal het, hoofsaaklik as gevolg van 'n vermindering in openbare vaste kapitaaluitgawe gedurende 1973 as deel van die regeringsbeleid om die koers van toename in binne-landse besteding te beteuel, het die gemiddelde jaarlikse koers van toename in openbare vaste investering aan hierdie dienste gedurende 1971 en 1972 nietemin 15,7 persent bedra. Dit was hoër as die gemiddelde jaarlikse koers van toename tussen 1946 en 1973.

Bruto investering volgens tipe bate

Gedurende die tydperk 1946 tot 1973 in sy geheel het die openbare sektor gemiddeld 80 persent van die totale vaste kapitaalbesteding van die volkshuishouding aan konstruksiewerke bygedra, 43 persent aan nie-woongeboue, 38 persent aan vervoertoerusting, 33 persent aan masjinerie en ander toerusting en 21 persent aan woongeboue. Die veranderings in die persentasie-aandeel in totale vaste investering gedurende die ses sub-tydperke word in Tabel 7 getoon en die neiging in die verdeling van totale openbare investering tussen die verskillende bates word in Tabel 8 aangegee.

Tabel 7
Bruto vaste investering deur die openbare sektor: persentasie-aandeel in totale vaste investering volgens tipe bate

Tydperk	Woon-geboue	Nie-woongeboue	Konstruksie-werke	Vervoer-toerusting	Masjinerie en ander toerusting	Totaal
1946-1950	17,9	32,2	63,8	46,7	31,5	36,5
1951-1955	13,7	30,5	61,3	40,0	31,8	34,9
1956-1960	20,6	39,1	70,6	44,5	32,9	42,1
1961-1965	22,7	43,8	75,6	38,2	29,9	42,2
1966-1970	23,3	44,8	85,4	33,0	31,5	44,1
1971-1973	21,5	47,9	89,4	37,3	35,5	47,0
1946-1973	21,1	43,1	80,0	38,0	32,6	43,2

Tabel 8**Bruto investering van openbare sektor: persentasieverdeling volgens tipe bate**

Tydperk	Woon-geboue	Nie-woongeboue	Konstruksiewerke	Vervoer-toerusting	Masjinerie en ander toerusting	Verandering in voorrade	Totaal
1946-1950	8,7	11,5	34,3	16,8	24,3	4,4	100,0
1951-1955	6,8	13,1	38,4	12,3	28,2	1,2	100,0
1956-1960	7,6	13,9	41,3	13,3	21,7	2,2	100,0
1961-1965	7,6	15,0	42,2	11,1	22,1	2,0	100,0
1966-1970	8,2	15,1	42,8	7,7	20,8	5,4	100,0
1971-1973	7,2	16,3	42,8	10,1	21,2	2,4	100,0
1946-1973	7,7	15,0	41,9	10,3	21,9	3,2	100,0

Konstruksiewerke

Gedurende die na-oorlogse tydperk is gemiddeld bykans 42 persent van totale openbare investering aan konstruksiewerke soos besproeiings-, dreinerings- en sanitasieprojekte, spoorlyne, paaie, brûe, elektrisiteits-transmissielyne, telegraafdrade en -kabels, hawens, lughawens, ens., bestee. Gedurende hierdie tydperk was die openbare sektor vir ongeveer 80 persent van die uitgawe van die hele volkshuishouding aan hierdie tipe bate verantwoordelik en sy relatiewe aandeel het 'n stygende tendens dwarsdeur die tydperk 1951 tot 1973 getoon.

Openbare kapitaalbesteding aan konstruksiewerke het teen 'n relatief hoë koers gedurende die onmiddellik na-oorlogse tydperk en die vroeë vyftigerjare toegeneem en sy aandeel in totale investering het vanaf 34 persent gedurende die tydperk 1946 tot 1950 tot 41 persent gedurende die tydperk 1956 tot 1960 toegeneem. Daarna het die aandeel slegs marginaal tot ongeveer 43 persent gedurende die tydperk 1966 tot 1973 toegeneem.

Masjinerie en ander toerusting

Gedurende die tydperk 1946 tot 1973 is ongeveer een-vyfde van die openbare sektor se totale kapitaaluitgawe aan masjinerie en ander toerusting bestee, d.w.s. swaar toerusting van die padbou-afdelings van provinsiale administrasies en industriële masjinerie, kantoormasjiene, toerusting, meubels en toebehore van openbare sake-ondernemings. Aanvanklik het die besteding aan hierdie bates sterk toegeneem en gedurende die tydperk 1951 tot 1955 is 28 persent van totale openbare, kapitaaluitgawe aan masjinerie en toerusting bestee. Daarna het hierdie aandeel gedaal tot gemiddeld ongeveer 22 persent en is dit min of meer gehandhaaf dwarsdeur die sestiger- en vroeë sewentigerjare.

Gemiddeld het die openbare sektor ongeveer een-derde van die investering van die volkshuishouding aan masjinerie en toerusting gedurende die tydperk 1946 tot 1973 bygedra en hierdie bydrae het gedurende die meeste van die sub-tydperke redelik stabiel

gebly. Hoofsaaklik as gevolg van groot investeringsprogramme van openbare korporasies gedurende die vroeë sewentigerjare, het die openbare sektor se bydrae tot bykans 36 persent gedurende die tydperk 1971 tot 1973 toegeneem.

Nie-woongeboue

Gemiddeld is ongeveer 15 persent van die totale kapitaaluitgawe van die openbare sektor aan kantoorgeboue van die algemene owerheid vir administratiewe doeleindes en aan fabriek, pakhuis, ens. van openbare sake-ondernemings en openbare korporasies bestee. Openbare kapitaalbesteding aan hierdie bates het 'n sterk stygende tendens dwarsdeur die tydperk 1946 tot 1973 getoon. Ofskoon slegs 'n relatief klein gedeelte van totale openbare investering aan nie-woongeboue bestee word, het dit nogtans 'n aansienlike gedeelte, naamlik 43 persent, tot die totale kapitaaluitgawe van die volkshuishouding in sy geheel aan hierdie tipe bate gedurende die tydperk 1946 tot 1973 bygedra. Bowendien het die relatiewe belangrikheid van die openbare sektor se investering 'n sterk stygende tendens oor hierdie tydperk getoon en het dit vanaf ietwat meer as 30 persent gedurende die tydperk 1951 tot 1955 tot bykans 48 persent gedurende die tydperk 1971 tot 1973 gestyg.

Vervoertoerusting

Kapitaalbesteding aan motorvoertuie, skepe, vliegtuie, spoorweg rollende materiaal, ens., is nou verwant aan skommelings in die kapitaaluitgawe van die Suid-Afrikaanse Spoorwegadministrasie, wie se vaste investering aan vervoertoerusting gemiddeld 90 persent van die totale openbare vaste investering aan hierdie bates verteenwoordig het. Soos reeds genoem, het openbare vaste investering aan vervoertoerusting geneig om groot skommelings van jaar tot jaar te toon, maar oor die tydperk 1946 tot 1973 in sy geheel is ongeveer 10 persent van totale openbare investering aan die aankoop van vervoertoerusting bestee.

Ondanks die relatief klein aandeel van die besteding aan vervoertoerusting in totale openbare investering,

het openbare kapitaalbesteding aan hierdie tipe bate gemiddeld 38 persent van die totale investering van die volkshuishouding aan hierdie tipe bate bedra. In ooreenstemming met die onreëlmatige bestedingspatroon van die Suid-Afrikaanse Spoorwegadministrasie het hierdie aandeel van die openbare sektor vanaf 47 persent gedurende die onmiddellik na-oorlogse tydperk tot 33 persent gedurende die tydperk 1966 tot 1970 gedaal, maar daarna weer tot 37 persent toegeneem.

Woongeboue

Gedurende die tydperk 1946 tot 1973 in sy geheel is slegs ongeveer 8 persent van totale openbare investering aan die voorsiening van behuising bestee. As 'n persentasie van die totale besteding aan die konstruksie van woongeboue in die volkshuishouding het die openbare sektor ongeveer 21 persent bygedra. In plaas daarvan om aktief deel te neem aan die oprigting van woongeboue vir die hele bevolking, het die owerheid behuising vir slegs die laer inkomstegroepe voorsien en is die voorsiening van behuising vir die ander inkomstegroepe aan private inisiatief oorgelaat.

Voorraadinvestering

Belegging in voorrade het nie 'n wesenlike gedeelte van totale openbare investering gedurende die tydperk 1946 tot 1973 uitgemaak nie. Slegs ongeveer 3 persent van totale openbare kapitaalbesteding is in die vorm van toevoegings tot voorrade bestee. Die aansienlike opbouing van voorrade gedurende die laaste helfte van die sestigerjare tot en met 1972 kan in 'n groot mate aan die oppotting van strategiese voorrade toegeskryf word.

Openbare reële vaste investering en reële vaste kapitaalvoorraad

Al die vernaamste neigings wat hierbo in die geval van openbare vaste investering teen heersende pryse waargeneem is, is in 'n groot mate ook in die gegewens teen konstante pryse weerspieël. Reële openbare vaste investering het teen koerse toegeneem wat dié van totale vaste investering van die hele volkshuishouding sowel as die van die reële bruto binnelandse produk oorskry het. Gevolglik het die verhouding van openbare reële vaste investering tot totale reële vaste kapitaalbesteding gedurende die tydperk 1946 tot 1973 ook aansienlik toegeneem. Van die verskillende vlakke van owerheid het die reële vaste investering van openbare korporasies die hoogste gemiddelde jaarlikse groeikoers getoon. Reële vaste kapitaalbesteding van die sentrale regering het teen 'n relatief lae gemiddelde jaarlikse koers toegeneem, en sy aandeel in totale reële openbare vaste investering het afgeneem. Daarteenoor het die aandeel van openbare korporasies tussen 1946 en 1973 sterk toegeneem, grootliks ten koste van die aandeel van die sentrale regering.

Ingedeel volgens tipe bate het reële vaste openbare besteding aan nie-woongeboue die grootste gemiddelde jaarlikse groeikoers getoon, gevolg deur konstruksiewerke. Nietemin het konstruksiewerke, die vernaamste bate van openbare vaste investering, sy relatiewe belangrikheid gehandhaaf. Die verhoogde aandeel van nie-woongeboue het ten koste van vervoertoerusting geskied.

In Tabelle VII en VIII word die reële vaste kapitaalvoorraad van die openbare sektor volgens tipe ekonomiese bedrywigheid en volgens tipe bate vir die tydperk 1946 tot 1973 gegee. Hierdie inligting is bedoel om inligting wat in 'n artikel wat in 'n vorige uitgawe van die *Kwartaalblad*⁴ gepubliseer is, aan te vul en op datum te bring. Aangesien die samestelling, neigings en veranderinge in die struktuur van die reële kapitaalvoorraad reeds in besonderhede in die betrokke artikel bespreek is, sal geen verdere ontledings hier gedoen word nie. Dit mag egter interessant wees om daarop te wys dat die groter aandeel van die openbare sektor in die totale vaste kapitaalvoorraad van die volkshuishouding gedurende die tydperk 1946 tot 1973 hoofsaaklik toe te skryf is aan die buitengewoon hoë koers van toename wat in die vaste kapitaalvoorraad van fabrieksondernemings van openbare korporasies en in dié van die sektor gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste waargeneem is.

Gevolgtrekking

Ofskoon die ekonomiese stelsel van Suid-Afrika in wese op die beginsels van private inisiatief gebaseer is, het openbare owerhede en openbare korporasies wat deur hulle opgerig is, 'n belangrike invloed op die volkshuishouding in sy geheel. Hierdie invloed is veral opvallend in hulle investeringsbedrywigheide wat in relatiewe belangrikheid in so 'n mate toegeneem het dat in 1973 nagenoeg 50 persent van die totale investering in die volkshuishouding deur die openbare sektor onderneem is. Die goedere en dienste wat so doende deur die openbare sektor voorsien word, is nie bedoel om die rol wat deur die private sektor gespeel word, te verminder nie. Inteendeel, die skepping van sulke bates deur die openbare sektor is daarop gemik om noodsaaklike dienste te voorsien wat tot ekonomiese ontwikkeling en groei sal bydra. Dit is om hierdie rede dat verreweg die grootste gedeelte van die openbare sektor se kapitaalbesteding gedurende die tydperk 1946 tot 1973 bedoel was om die land se basiese ekonomiese infrastruktuur te verbeter. Die grootste gedeelte van die investeringsbedrywigheide van openbare owerhede was gevolglik daarop gemik om die vervoer-, opbergings- en kommunikasiedienste te verbeter, terwyl hierdie owerhede in samewerking

4. De Jager, B. L., Die vaste kapitaalvoorraad en kapitaalopbrengsverhouding van Suid-Afrika vanaf 1946 tot 1972, *Suid-Afrikaanse Reserwebank Kwartaalblad*, No. 108, Junie 1973, pp. 56-62.

met openbare korporasies in die land se elektrisiteits-, gas- en waterbehoefte voorsien het. Die vraag na hierdie tipe dienste is veral groot in tye van 'n ekonomiese oplewing en dit is om hierdie rede dat openbare investering gedurende die na-oorlogse tydperk 'n pro-sikliese eerder as 'n anti-sikliese patroon getoon het.

Investering aan sosiale infrastruktuur, hoofsaaklik deur die voorsiening van ekonomiese en sub-ekonomiese behuising, het sedert 1946 feitlik 'n ononderbroke toename getoon. Hierdie investering verteenwoordig die oprigting van woongeboue om te help in die voorsiening van die behuisingsbehoefte van die land se laer inkomstegroepe.

Met die voorsiening van ekonomiese dienste, hoofsaaklik deur openbare korporasies, het die owerhede gepoog om individuele, in teenstelling met kollektiewe, behoeftes te bevredig wat as strategies belangrik beskou word of wat om een of ander rede nie deur die private sektor bevredig word nie. Die voorsiening van hierdie dienste vereis groot kapitaalbesteding en vaste investering deur die openbare sektor aan ekonomiese dienste het gevolglik 'n nogal skommelende maar opwaartse neiging getoon.

Die grootste gedeelte van openbare vaste kapitaaluitgawe is aan konstruksiewerke anders as woongeboue en nie-woongeboue bestee. Die openbare sektor was inderdaad vir die grootste gedeelte – soveel as 80 persent – van die totale investering aan hierdie tipe konstruksiewerk in die volkshuishouding verantwoordelik.

Openbare kapitaaluitgawe aan fabriekswese het die hoogste koers van toename van al die vernaamste sektore gedurende die na-oorlogse tydperk getoon en die regering se voorneme gekenmerk om, waar nodig, die voorraad goedere van die private sektor deur sy openbare korporasies aan te vul. Die tweede hoogste groeikoers is deur openbare investering in die sektor gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste aangeteken, d.w.s. dienste wat tradisioneel deur die openbare sektor voorsien word. Dit is belangrik om daarop te let dat ofskoon nuwe investeringsgeleenthede in die fabriekswese geëksploiteer is, investering vir die voorsiening van basiese infrastruktuur dienste nie verwaarloos is nie en nie by totale openbare kapitaalbesteding agterweë gebly het nie.